

Filippense 4:19

GEREFORMEERDE GEMEENTE PTA-MONTANAPOORT

(Geselsnota vir die week)

"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus . . ."

BAIE STERKTE VIR ELKE DAG!

En mag ek só sê?

- HANDEVOL SEËN EN NABYWEES EN MOED EN KRAG UIT DIE HERE SE HAND TOEGEBID!

Om ook nog te sê: Moenie vergeet om te onthou dat die Here.

- ✓ Jou naam en van ken.
- ✓ Jou aardse adres ken.
- ✓ Jou omstandighede ken.
- ✓ Jou bydskap ken.
- ✓ Jou eina's ken.
- ✓ Jou hart ken.
- ✓ Jou gedagtes ken.

WANT:

Die Here het jou al gesien toe jy nog ongebore was . . . . So lees die Psalm 139 se 16de vers mos. Taal en woorde waarvan jy dalk net weer in jou gemoed 'n aantekening van moet maak. Veilig en behoue . . . .

Mens kan nie anders as om te sê soos die skrywer van Psalm 95 sê nie:

"KOM ONS VAL IN EERBETOON
VOOR HOM NEER,
KOM ONS BUIG,
KOM ONS KNIEL VOOR DIE HERE
ONS SKEPPER . . . ."

Maak 'n nota:

Die volgende Mannemoment: 6 September 2019 om 06h00 voor die preekstoel. Die manne is hartlik uitgenooi.

Bybelteks as lewensteks:

"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is . . . ." (Johannes 13:35)

Voor ek groet:

- Vervul jou loopbaanroeping (jou elke dag se werksopdrag) en maak 'n reuse verskil.
- Vervul jou Koninkryksroeping (vgl. o.a. Matteus 25:34-46) en belê in Koning Jesus se Koninkryk én maak 'n verskil.

Groete in Jesus Christus.

Dr. Pieter Heystek (ook 'n Montanapoorter)